



Celebrate our libraries!

Are you lucky enough to have a library near you? Libraries offer us a wealth of stories and information to enrich our lives. Smaller libraries have hundreds of books while larger ones have thousands for us to choose from, giving us a wider choice of reading material than we could ever own – and we get to take some of the books home for a while!

From 15 to 22 March 2014, South African Library Week will celebrate the role libraries have played in our country over the last 20 years. This year's theme is "check in @ your library". During this week, libraries around the country want to reach out specifically to children and young adults who are not regular library users to show them what's on offer. So, read the reasons we think it's worth being a regular library user, then take your whole family to visit your library during Library Week and do the following.

- Sign everyone up as members so that you can all borrow books and other resources.
- Discover what materials and regular activities it has to offer.

- Experience some of the special events held to celebrate Library Week.
- Take time to explore different sections of your library, particularly those that you have not borrowed books from before – choose books with titles or covers that interest you and just "dip" into them.
- Visit the children's section and, if you had a favourite storybook as a child, find it so that you can read it to your children. Also find a book which you have never read before that you and your children can explore together.
- If you run a reading club, talk to the librarian about making "block loans" which allow you to borrow a larger number of books for a longer period of time than other library users.

Do you want to get information on children and reading on your cellphone? Go to www.nalibali.mobi to find tips and ideas on choosing and exploring stories with children.

Vier ons biblioteke!


Is jy gelukkig genoeg om 'n biblioteek naby jou te hê? Biblioteke bied ons 'n rykdom van stories en inligting om ons lewens te verryk. Kleiner biblioteke het honderde boeke, terwyl groteres duisende boeke het waaruit ons kan kies, en vir ons 'n groter keuse van leesmateriaal bied as wat ons ooit kan besit – en dan kan ons boonop van die boeke vir 'n tyd lank huis toe neem!

Vanaf 15 tot 22 Maart 2014 sal Suid-Afrikaanse Biblioteekweek die rol wat biblioteke oor die afgelope 20 jaar in ons land gespeel het, vier. Hierdie jaar se tema is "loer in by jou biblioteek". Gedurende hierdie week wil biblioteke oral in die land spesifiek uitreik na kinders en jong volwassenes wat nie gereelde biblioteekgebruikers is nie en vir hulle wys wat biblioteke bied. Lees dus die redes waarom ons dink dis die moeite werd om 'n gereelde biblioteekgebruiker te wees, neem dan jou hele gesin om die biblioteek gedurende Biblioteekweek te besoek, en doen die volgende.

- Skryf almal in as lede sodat julle almal boeke en ander hulpbronne kan uitneem.
- Ontdek watter materiale en gereelde aktiwiteite die biblioteek bied.

- Ervaar sommige van die spesiale geleenthede wat gehou word om Biblioteekweek te vier.
- Maak tyd om verskillende afdelings van jou biblioteek te verken, veral dié dele waar jy nog nie voorheen boeke uitgeneem het nie – kies boeke met titels of omslae waarin jy belangstel, en begin lees.
- Besoek die kinderafdeling en, indien jy as kind 'n gunstelingstorieboek gehad het, vind dit sodat jy dit vir jou kinders kan lees. Vind ook 'n boek wat jy nog nie voorheen gelees het nie en wat jy en jou kinders saam kan verken.
- As jy 'n leesklub bestuur, praat met die bibliotekaris om "bloklenings" te maak wat jou sal toelaat om meer boeke vir 'n langer tydperk uit te neem as ander biblioteekgebruikers.

Wil jy inligting oor kinders en lees op jou selfoon ontvang? Gaan na www.nalibali.mobi vir wenke en idees oor hoe om stories saam met kinders te kies en te verken.



- In this special Library Week edition:**
- Bilingual poster: 10 reasons to use your library (page 2)
 - A cut-out-and-keep story about a cat who loved the library (pages 3 to 6)
 - A Story Star librarian (page 7)

In hierdie spesiale Biblioteekweek-uitgawe:

- Tweetalige plakkaat: 10 redes waarom jy jou biblioteek behoort te gebruik (bladsy 2)
- 'n Knip-uit-en-bêreboekie oor 'n kat wat mal was oor die biblioteek (bladsye 3 tot 6)
- 'n Storiester-bibliotekaris (bladsy 7)



Drive your imagination

Read to me. In my language.
Lees vir my. In my taal.





Drive your imagination

10 reasons to use your library



1 Help your children be better readers. Research shows that children who use the library are nearly twice as likely to be above-average readers than children who don't. *(National Literacy Trust)*

2 Establish the reading habit. Regular trips to the library help you and your children make a regular "date" with books so you all get into the habit of reading!



3 Something for everyone. Libraries offer books for all ages and interests, all under one roof – from board books for babies, to picture books for young children, and novels and information books for older children and adults.

4 Reading for free. Libraries offer a wider variety of reading material than we could ever own – and it is free!

5 Who's your favourite? Libraries are great places to find out who your favourite authors are – and you can keep discovering new ones too!

6 Reading to write. Reading stories written by others can help inspire children's own story writing.

7 More than books. Many libraries also offer more than just books – for example, CDs, DVDs, newspapers and magazines. Some libraries also have computers you can use to access the Internet.

8 Enjoy free activities. Some libraries offer activities especially for children (like regular storytelling times) that let them have fun with books.

9 Ask for advice. Librarians are knowledgeable! Ask them about good and popular books for children, teenagers and yourself.

Quiet space. The library is a peaceful place for older children to do their homework. There are plenty of books to help them do research for school projects and assignments.

10



10 redes waarom jy jou biblioteek behoort te gebruik

1 Help jou kinders om beter lesers te word. Navorsing toon dat kinders wat die biblioteek gebruik, twee keer meer geneig is om bogemiddelde lesers te word as kinders wat dit nie doen nie. *(Nasionale Geletterdheidstrust)*

2 Vestig die leesgewoonte. Gereelde besoeke aan die biblioteek help jou en jou kinders om 'n gereelde "afspraak" met boeke te maak en so in die gewoonte te kom om te lees!

3 Iets vir almal. Biblioteke bied boeke vir alle ouderdomme en belangstellings, alles onder een dak – van kantonboeke vir babas, tot prentboeke vir jong kinders, en romans en inligtingsboeke vir ouer kinders en volwassenes.

4 Lees is gratis. Biblioteke bied 'n wyer verskeidenheid leesmateriaal as wat ons ooit kan besit – en dis gratis!

5 Wie is jou gunsteling? Biblioteke is wonderlike plekke om uit te vind wie jou gunstelingskrywers is – en jy kan altyd nuwe skrywers ontdek!

6 Lees om te skryf. Om stories te lees wat deur ander geskryf is, kan help om kinders te inspireer om hulle eie stories te skryf.

7 Meer as boeke. Baie biblioteke bied ook meer as net boeke – byvoorbeeld, CD's, DVD's, koerante en tydskrifte. Sommige biblioteke het ook rekenaars wat jy kan gebruik om toegang te kry tot die Internet.

8 Geniet gratis aktiwiteite. Sommige biblioteke bied aktiwiteite spesifiek vir kinders aan (soos gereelde storie-ure) wat hulle kans gee om pret te hê met boeke.



9 Vra advies. Bibliotekarisse het baie kennis! Vra hulle oor goeie en gewilde boeke vir kinders, tieners, en vir jouself.

Stil ruimte. Die biblioteek is 'n rustige plek waar ouer kinders hulle huiswerk kan doen. Daar is baie boeke om hulle te help om navorsing vir skoolprojekte en werkopdragte te doen.

10



www.nalibali.org



www.nalibali.mobi



nalibaliSA



@nalibaliSA



It starts with a story...

He studied instructions on how to make a hot air balloon so that he could land on the roof. But the hot air balloon bounced off the chimney, sailed past the house and got stuck in a tree. He tried everything. Nothing worked.

Theo kyk van buite af in. "Hoe," wonder hy, "gaan ek hulle uit hierdie huis kry?" Maar daar is geen manier hoe hy kan inkom nie.

Hy hardloop biblioteek toe om 'n boek te soek – een wat verduidelik hoe om vensters oop te maak en deure oop te sluit. Hy probeer sy bes, maar die deure bly gesluit en die vensters bly toe.

Hy lees instruksies oor hoe om 'n warmlugballoon te maak. Maar dit bots teen die skoorsteen, sweef oor die dak en beland in 'n boom. Hy probeer alles waaraan hy kan dink. Niks werk nie.



Theo watched from outside. "How," he wondered, "do I get them out of the house?" But there was no way he could get in.

He ran back to the library to find a book about unlocking doors and opening windows. He tried, but the doors stayed locked and the windows shut.

Sy laat hulle teen mekaar lê om 'n kombers vir haar bed te maak, 'n deken vir haar benereige voete, 'n tjalle vir haar dun nek en 'n kussinkie vir haar skoot. Die katte is angsbevange. Hulle wens hulle het na Theo geluister.



She made the cats huddle up together into a blanket for her bed, a cover for her bony feet, a shawl for her scrawny shoulders and a rug for her lap. The cats were terrified. They wished they had listened to Theo.


Fold



Hop on board for a reading adventure ...

www.lapa.co.za
012 401 0700

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org, of www.nalibali.mobi



Fold



“En nou,” sê mevrou
Zuurpruim, “luister julle
almal vir my!” Sy klim op
die tafel en gil: “Van nou
af is dit elke liewe een van
julle se plig om ... MY WARM
TE HOU!”

“And now,” said Mrs Pratt, “this is what happens here!” She
stood on top of the table and shouted, “Your duty, each and
every one of you, is ... TO KEEP ME WARM!”

She danced around the room cackling. “You’ll get fed once
a week if you behave. There are no birthdays. There are NO
holidays!” she shouted. “And THERE IS NO CHRISTMAS!”

Fold



He went back to the library, and on a table, in the corner, he saw
a book called *The Little Man in Red*.

“That’s it,” he cried. He borrowed a red tablecloth and a large
bag. He searched for a rope, a ladder and a very big piece of
cheese. Then he had a meeting with the library mice.

Hy gaan terug biblioteek toe. Op ’n tafeltjie in die hoek sien hy ’n
boek met die titel, *Die mannetjie in rooi*.

“Ditsem,” roep hy uit. Hy leen ’n rooi tafeldoek en ’n groot sak.
Daarna soek hy ’n tou, ’n leer en ’n groot homp kaas. Toe hou hy
’n vergadering met die biblioteekmuis.

Theo lived with his mother, his brother and his sister, right next to
the library. The other cats in town were only interested in food,
fun and fighting, but not Theo. He loved to read.

He went to the library and read everything from comics to encyclopaedias.
He learnt that the world was round and that the sea was salty. He learnt
how to make bubblegum and spot satellites. He also learnt that every
question had an answer – and Theo loved asking questions.

“Ma-aaa, where do kittens come from? Why is winter cold and summer
warm? How do clouds float in the sky?” Theo asked his mother.

“Go to the library, dear. You will find all those answers in books.”

Theo woon saam met sy ma, sy broer en sy suster, reg langs die
biblioteek. Die ander katte stel net belang in kos, kattedwaad en
kattemaal. Maar nie Theo nie. Hy hou van lees.

Hy boer in die biblioteek en lees enigiets van strokies tot ensiklopedieë.
Hy leer dat die wêreld rond is en dat die see sout is. Hy leer hoe om
borrelgom te maak en hoe om satelliete te sien. Hy leer ook dat elke
vraag ’n antwoord het – en Theo is mal oor vrae vra!

“Ma-a-a-a, waar kom klein katjies vandaan?
Hoekom is die winter koud en die somer warm?
Hoekom dryf wolke in die lug?” vra Theo vir
sy ma.

“Gaan biblioteek toe, my kattedol. Jy sal al die
antwoorde in boeke kry.”



Theo went back home to his mother and his
brother and sister. He liked living right next to the
library. Because he still wanted to read, hundreds
of books, learn about a thousand things and, of
course, ask a million and one questions.

Theo gaan terug na sy ma en sy boetie en sy sussie
toe. Hy hou daarvan om reg langs die biblioteek
te woon, want hy wil nog honderde boeke lees, ’n
duisend dinge leer en natuurlik ’n miljoen vrae vra.

Fold 4



Meanwhile, back at the house, Mrs Pratt sat in her armchair, covered in cats. "PURR!" she ordered. "All of you purr. It makes the room warmer. Wait! There's a chilly wind coming in. I want five cats to block the chimney."

Suddenly there was a loud KERPLUNK sound that came down the chimney!

Intussen sit mevrou Zuurpruim in haar skommelstoel, oortrek van die katte. "SPIN!" beveel sy. "Julle moet almal spin. Dit maak die vertrek warmer. Wag! lewers wai 'n koue windjie. Vyt katte moet by die skoorsteen opklim en dit dig hou."

Metens kom daar 'n harde KADWAF in die skoorsteen af!

Fold

The house was enormous. There was a fireplace in every room and there were little bowls set out everywhere.

"See!" said a snooty Siamese to Theo. "You're just a scaredy-cat," and she walked inside. Every single cat in town walked up the steps, through the front door and into the house, but not Theo. He watched from the garden gate. Only he saw Mrs Pratt lock the doors and shut all the windows. Inside, not a saucer was filled, nor a fire lit.

Mevrou Zuurpruim se huis is enorm! Daar is 'n kaggel in elke vertrek en daar is oral kosbakke.

"Sten jy nou?" se 'n Siamese kat vir Theo. "Jy's hopeeloos te katvoet!" En sy stap binnetoë. Elke enkele kat in die dorp stap die huis binnê, maar nie Theo nie. Hy staan by die tuinhokke en kyk. Hy is die enigste een wat sien hoe mevrou Zuurpruim die deur sluit en al die vensters toemaak. Binnekant is al die kosbakke leeg en daar brand geen vuur in die kaggels nie.



Theo gave the mice the big piece of cheese and they ran back to the library.

The cats cheered. They carried Theo around on their shoulders and bounced him up and down in the red table cloth.

With Mrs Pratt gone, every single cat in town collected their belongings and moved into her house. They called it CAT COTTAGE ... but not Theo.

Theo gee vir die muise die groot homp kaas en hulle skarrel terug biblioteek toe.

Die katte juig. Hulle dra Theo op hulle skouers rond en laat hom op en af op die tafeldoek bons.

Met mevrou Zuurpruim uit die pad kry al die katte in die dorp hulle goed bymekaar en trek by HUIS KIETZIEKATZIE in ... maar nie Theo nie.



Fold

Now, at the other end of the town was a large house. Mrs Pratt lived there. She lived alone without a single pet. She grumbled, muttered and moaned about everything.

"I'm cold," she said, "from the top of my head right down to my feet. I don't like winter!"

Aan die ander kant van die dorp staan 'n groot huis. Dis waar mevrou Zuurpruim woon. Sy woon alleen, sonder 'n enkele troeteldier. Sy mor en knor en brom oor alles onder die son.

"Ek kry koud," grom sy, "van my kroontjie tot my toontjie! Ek haat winter!"





Maar al die katte het die boodskap gehoor. Hulle is honger. Hulle lek hulle lippe af en stap een vir een agter mevrou Zuurpruim aan.

“WAG!” roep Theo. “Moenie gaan nie! Ek vertrou haar nie!”

But all the cats had heard the message. They were hungry. They licked their lips and one by one followed Mrs Pratt home.

“WAIT!” shouted Theo. “Don’t go! I don’t trust her!”

One day, when she was out shopping, she saw some cats. They looked so snug and warm in their soft fur coats. Mrs Pratt smiled a nasty smile and she scurried home, a plan already bubbling in the back of her brain.

The next day she was back. “Oh, I do ADORE cats!” she said. “I have a HUGE house. It has a fireplace in every room. There will be milk and food every day with fish on Fridays. Every cat is welcome.” She peered around. “White cats, black cats, thin cats, fat cats, any cats ... ALL CATS.”

“Why does she keep saying that?” asked a ginger tom as he crept closer. Mrs Pratt sniggered. She crouched down and scratched the top of his head with a bony finger. “Oh, I adore cats,” she said again and smiled a crooked smile.

Op ’n dag, toe sy gaan inkopies doen, sien sy ’n paar katte. Hulle lyk warm en snoesig met hulle sagte pelsjasse. Mevrou Zuurpruim kry ’n gemene glimlag en sy skarrel huis toe met ’n plan wat in haar agterkop broei.

Die volgende dag is sy terug. “Ek het ’n REUSE huis! Daar is ’n kaggel in elke vertrek. Daar sal elke dag melk en kos wees, en vars vis op Vrydae! Alle katte is welkom.” Sy loer rond. “Wit katte, swart katte, vet katte, maer katte, enige katte ... ALLE KATTE!”

“Waarom sê sy dit aanhoudend?” vra ’n gemmerkat wat naderkom. Mevrou Zuurpruim kekkel-lag. Sy buk af en streef met ’n benerige vinger oor die kat se kop. “O, ek is regtig versot op katte,” sê sy weer en glimlag ’n skewe glimlaggie.



“Well, here are the presents.” The strange creature opened the bag and out ran hundreds of mice.

Mrs Pratt shrieked. She shot out of her chair and ran for the door. Theo did not have to open it. Mrs Pratt did that all by herself. She ran so fast that she ran into the street, into the town, right into next week and was never seen again.

“Wel, hier is die geskenke.” Die vreemde besoeker maak die sak oop en skielik skarrel daar honderde muise uit.

Mevrou Zuurpruim gil. Sy skiet uit haar stoel uit en laat spaander deur toe. Theo het nie eens nodig om dit oop te maak nie. Sy doen dit sommer self. Soos ’n vetgesmeerde blits hardloop sy in die straat af, tot binne-in die dorp, en tot reg in die middel van volgende week, waar sy spoorloos verdwyn.



“Gesênde kerstees!” roep ’n stem. ’n Vreemde besoeker in rooi staan in die kaggel met ’n groot sak oor sy skouers.

“It’s not Christmas,” screamed Mrs Pratt. “It can’t be Christmas. THERE IS no Christmas.”

“Merry Christmas!” shouted a voice. A strange figure in red stood in the fireplace with a large bag on its shoulders.

Story stars

Libraries as literacy leaders

Lulama Langeni is the senior librarian at Harare Library (Khayelitsha, Western Cape) which is working hard to promote reading for enjoyment amongst children. We spoke to Lulama about reading and writing for pleasure.

Why is reading for enjoyment important?

It takes you to places that you have never been and helps you to think outside the box.

How do you encourage children to read for enjoyment?

I listen to them and talk about books. I also make sure that they know that I think they are good readers and I am never too busy to listen to them when they want to read to me. And, when I am reading with them, they have my full attention!

How can adults help children develop as readers and writers?

It is very important to join a library so that at least one parent can visit the library with their children and take books home. We want our children to grow up in homes with books! I would advise parents to make time for everyone to read together, as well as time to share stories and keep the oral tradition going. Also, have scrap paper at home for children to write their stories on.

How can libraries help develop their communities?

Libraries can promote lifelong learning by making sure that their collection includes a variety of materials, like books, CDs, DVDs, newspapers and magazines, and that these are all arranged in ways that make it easy for people to use them. It is also important for libraries to form partnerships with others who are passionate about literacy and investing in the community. We can encourage reading through hosting storytelling sessions and organising reading programmes at our libraries, and by supporting local reading clubs.

Which children's story do you love to read or tell, again and again?

I have always loved *Cinderella*! There is a fun, modern version of *Little Red Riding Hood* by Tony Bradman that I really like – in it, Red Riding Hood even has a cellphone! Then my new favourite is *Three Friends and a Taxi* by Maryanne Bester.

Finish the sentence: Children should visit their libraries because ...

... libraries are fun, free and interesting!



Lulama Langeni

Storiesterre

Biblioteke as leiers in geletterdheid

Lulama Langeni is die senior bibliotekaris by Harare-biblioteek (Khayelitsha, Wes-Kaap). Hulle werk hard daaraan om lees vir genot by kinders te bevorder. Ons het met Lulama gesels oor lees en skryf vir genot.

Waarom is dit belangrik om vir genot te lees?

Dit neem jou na plekke waar jy nog nooit was nie en help jou om buite die boks te dink.

Hoe moedig jy kinders aan om vir genot te lees?

Ek luister na hulle en praat oor boeke. Ek maak ook seker hulle weet dat ek dink hulle is goeie lesers, en ek is nooit te besig om na hulle te luister wanneer hulle vir my wil lees nie. En wanneer ek saam met hulle lees, het hulle my onverdeelde aandag!

Hoe kan grootmense kinders help om as lesers en skrywers te ontwikkel?

Dit is baie belangrik om by 'n biblioteek aan te sluit sodat ten minste een ouer die biblioteek saam met hulle kinders kan besoek en boeke kan huis toe neem. Ons wil hê ons kinders moet met boeke in die huis grootword! Ek sal ouers aanraai om tyd te maak vir almal om saam te lees, en tyd om stories te deel en die orale tradisie lewendig te hou. Hou ook afvalpapier by die huis sodat kinders hulle stories daarop kan skryf.

Hoe kan biblioteke hulle gemeenskappe help ontwikkel?

Biblioteke kan lewenslange leer bevorder deur seker te maak hulle versameling sluit 'n verskeidenheid materiaal in, soos boeke, CD's, DVD's, koerante en tydskrifte, en dat dit alles op so 'n manier georganiseer is dat dit maklik is vir mense om te gebruik. Dit is ook belangrik vir biblioteke om vennootskappe te vorm met ander wat passievol is oor geletterdheid en die opbou van die gemeenskap. Ons kan lees aanmoedig deur storievertelsessies aan te bied, leesprogramme by ons biblioteke te organiseer en deur ons plaaslike leesklubs te ondersteun.

Watter kinderstories lees of vertel jy graag weer en weer?

Ek was altyd baie lief vir *Cinderella*! Daar is 'n prettige, moderne weergawe van *Little Red Riding Hood* deur Tony Bradman waarvan ek regtig hou – daarin het Rooikappie selfs 'n selfoon! En my nuwe gunsteling is *Three Friends and a Taxi* deur Maryanne Bester.

Voltooi die sin: Kinders moet biblioteke besoek, want ...

... biblioteke is pret, gratis en interessant!




Nal'ibali on radio!

Enjoy listening to stories in Afrikaans and in English on Nal'ibali's radio show:

X-K FM on Monday to Wednesday from 9.00 a.m. to 9.15 a.m.

SAfm on Monday, Wednesday and Friday from 1.50 p.m. to 2.00 p.m.



Nal'ibali op die radio!

Geniet dit om in Afrikaans en Engels op Nal'ibali se radioprogram na stories te luister:

X-K FM van Maandag tot Woensdag vanaf 9.00 vm. tot 9.15 vm.

SAfm op Maandag, Woensdag en Vrydag vanaf 1.50 nm. tot 2.00 nm.

Create your own cut-out-and-keep book

1. Take out pages 3 to 6 of this supplement.
2. Fold it in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again.
4. Cut along the red dotted lines.

Maak jou eie knip-uit-en-bêreboekie

1. Haal bladsye 3 tot 6 van hierdie bylae uit.
2. Vou dit op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte.
4. Sny dit uit op die rooi stippellyne.



Story corner

Here is the final part of the story about the shy horse, Kamuzu, for you to read aloud or tell.

Kamuzu's voice (Part 2)

by Avril Wiid

Kamuzu looked at his friends. "Nobody's helping me. Everyone is just munching and crunching," he whispered sadly. He walked back to the farm to continue his search on his own. Kamuzu looked under the bushes, behind the shed and up at the clouds. Then he looked towards the hills.

"Oh no, there's a storm coming! It's already raining in the hills. That means the river is going to flood. I have to warn the animals. But I can only whisper, they'll never hear me."

Kamuzu felt the first raindrops plip-plop on his back. The river was already rising. Everyone was still busy munching and crunching.

Kamuzu opened his mouth, but nothing happened. He had to do something. If his friends tried to cross the river, they would all drown. He tossed his head, shook his mane and stamped the ground with his hooves. None of his friends noticed him. The waters in front of him raced and rushed.

Just then it started to rain harder. All the animals looked up and started to run towards the river.

Kamuzu forgot about his lost voice. He faced the rushing river and, galloping as fast as he could towards it, took an enormous jump right over the raging water. As he landed on the other side he opened his mouth and shouted, "STOP! DON'T CROSS!"

The animals were shocked. They had never heard such a loud voice come out of Kamuzu's mouth.

"Go back!" Kamuzu shouted. "Go up to the rocks."

Everyone ran to the rocks to shelter from the rain.

"You saved us, Kamuzu," said Baas. "Thank you."

"You found your voice," said Snorkel.

"Yes," said Dozie, "it's nice to hear you. You were always so quiet, we thought you just didn't want to talk to us."

"I'm shy," said Kamuzu. "I never know what to say."

"But we're friends," said the rabbits. "You don't have to be shy with us."

"From now on," said Baas, "we want to hear you speak. Promise you will?"

"Promise! Promise! Promise!" they all said together.

And, Kamuzu, the horse, lifted his head to the sky and shouted, "YES! YES! YES, I PROMISE!"

Tell us if you liked the story, *Kamuzu's voice* – SMS "Bookmark" with your name and your comments to 32545. R1,00 per SMS.



Illustration by Jiggs Snaddon-Wood
Illustrasie deur Jiggs Snaddon-Wood

Storiehoekie

Hier volg die laaste deel van die storie oor die skaam perd, Kamuzu, vir jou om hardop te lees of te vertel.

Kamuzu se stem (Deel 2)

deur Avril Wiid

Kamuzu kyk na sy vriende. "Niemand help my nie. Niemand soek nie. Almal knars en kou net," fluister hy hartseer. Hy draai om en begin terugstap plaas toe om alleen verder te soek. Kamuzu kyk onder die bosse, agter die skuur en op na die wolke. Toe kyk hy na die heuwels.

"O nee, daar is 'n storm aan die kom! Dit reën reeds in die heuwels. Dit beteken die rivier gaan oorstrom. Ek moet die diere waarsku. Maar ek kan net fluister; hulle sal my nooit hoor nie."

Kamuzu voel die eerste reëndruppels op sy rug neerplof. Die rivier styg reeds. Almal staan steeds en knars en kou.

Kamuzu maak sy mond oop, maar niks gebeur nie. Hy moet iets doen. As sy vriende die rivier probeer oorsteek, sal hulle almal verdrink. Hy lig sy kop, skud sy maanhaar en stamp met sy hoeve op die grond. Nie een van sy vriende sien hom raak nie. Die water voor hom druis en dreun.

Net toe begin dit harder reën. Al die diere kyk op en begin na die rivier toe hardloop.

Kamuzu vergeet van sy verlore stem. Hy hardloop so vinnig as wat hy kan na die skuimende rivier toe, en spring met een reusesprong oor die bruisende water. Toe hy aan die oorkant kom, maak hy sy mond oop en skreeu: "STOP! MOENIE DIE RIVIER OORSTEEK NIE!"

Die diere is geskok. Hulle het nog nooit so 'n groot, harde stem uit Kamuzu se mond hoor kom nie.

"Gaan terug!" skree Kamuzu. "Klim op teen die rotse."

Almal hardloop na die rotse om daar teen die reën te skuil.

"Jy het ons gered, Kamuzu," sê Baas. "Dankie."

"Jy het jou stem gevind," sê Snorkel.

"Ja," sê Dozie, "dis lekker om jou stem te hoor. Jy was altyd so stil, ons het gedink jy wil nie met ons praat nie."

"Ek is skaam," sê Kamuzu. "Ek weet nooit wat om te sê nie."

"Maar ons is vriende," sê die konyne. "Jy hoef nie skaam te wees vir ons nie."

"Van nou af," sê Baas, "wil ons jou hoor praat. Belowe ons jy sal?"

"Belowe! Belowe! Belowe!" sê al die diere saam.

En Kamuzu die perd lig sy kop op en sê: "JA! JA! JA, EK BELOWE!"

Vertel vir ons of jy van die storie, *Kamuzu se stem*, gehou het. SMS "Bookmark" met jou naam en kommentaar na 32545. R1,00 per SMS.

In your next Nal'ibali supplement:

- Tips for telling stories
- Our readers' letters and messages
- Days to celebrate in April
- A cut-out-and-keep book, *The trader and the farmer*
- Poems to read in celebration of World Poetry Day

Have you joined the Nal'ibali network yet? Visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi to register – and receive a monthly newsletter with exclusive competitions and other great benefits.

Find us on Facebook: www.facebook.com/nalibaliSA
Vind ons op Facebook: www.facebook.com/nalibaliSA



In jou volgende Nal'ibali-bylae:

- Wenke vir die vertel van stories
- Ons lesers se briewe en boodskappe
- Dae om in April te vier
- 'n Knip-uit-en-bêreboekie, *Die handelaar en die boer*
- Gedigte om te lees om Wêreldpoësie-dag te vier

Het jy al by die Nal'ibali-netwerk aangesluit? Besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi om te registreer – en ontvang 'n maandelikse nuusbriewe met eksklusiewe kompetisies en ander groot voordele.

